# WYSHEID_4
## Eségiël 47:5-11

**Tema: KONINKRYK BEGINSELS**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

**NOTA: Ten einde die reeks te volg, word u aangeraai om die studie vanaf Deel 1 en die daaropvolgende lesings te bestudeer.**

-o0o-

## SKRIF VERWYSINGS VAN HIERDIE OORDENKING: ESÉGIËL 47:5-11

**Eségiël 47:5 Verder het hy nog duisend gemeet—'n stroom wat ek nie kon deurgaan nie! Want die waters het opgerys—waters om in te swem, 'n stroom waar 'n mens nie deur kan loop nie.**

**Eseg. 47:6 En hy het vir my gesê: Het jy dit gesien, mensekind? Toe het hy my weer terug laat loop aan die kant van die stroom.**

**Eseg. 47:7 Terwyl ek teruggaan, kyk, toe het ek aan die kant van die stroom 'n menigte bome gesien, aan altwee kante.**

**Eseg. 47:8 En hy het vir my gesê: Hierdie waters vloei weg na die oostelike landstreek en loop in die Vlakte af en gaan na die see; in die see word dit uitgelei, sodat die waters daarvan gesond kan word.**

**Eseg. 47:9 En al die lewende wesens wat wemel, oral waar die dubbele stroom kom, sal lewe; en daar sal 'n menigte visse wees, omdat hierdie waters daarheen gekom het; en dié waters sal gesond word, en alles sal lewe waar die stroom kom.**

**Eseg. 47:10 Ook sal vissers daaraan staan, van Éngedi af tot by en Eglaim: 'n droogmaakplek vir die nette sal dit wees; na hulle soorte sal daar visse in wees soos die visse van die Groot See, 'n menigte.**

**Eseg. 47:11 Die moerasse en kuile daarvan—húlle sal nie gesond word nie: vir sout is hulle bestem.**

-o0o-

### KONINKRYK BEGINSELS

**Eségiël 47:5 Verder het hy nog duisend gemeet—'n stroom wat ek nie kon deurgaan nie! Want die waters het opgerys—waters om in te swem, 'n stroom waar 'n mens nie deur kan loop nie.**

Kyk baie mooi. Dit is ***'n stroom wat ek nie kon deurgaan nie!***. Die vlees het hier gesterf. Dit is nie meer die mens nie. Dit is die Gees in die mens, wat die mens nou na 'n plek neem waar God hom kan gebruik. Ek leef nie meer nie, maar Christus Jesus lewe nou in my. As ek roem, sal ek in die Here roem. Dit is 'n mens wie se hele motief is om net op een ding te fokus en te konsentreer.

Sy hele wese is beplan ....
- Om die wil van God te vervul - vir die rede waarom hy mens op aarde is;
- Om sy rykdom, sy skatte, en alles wat God in sy lewe gesit het, te gebruik tot eer en verheerliking van die naam van Christus Jesus;
- Tot uitdra van die Koninkryk en vrugte gee vir die Vader;
- Om die wil van God te doen.

Sy hele gedagtegang gaan alles oor Koninkryk beginsels.

-o0o-

## "MEMORY LANE"

**Eseg. 47:6 En hy het vir my gesê: Het jy dit gesien, mensekind? Toe het hy my weer terug laat loop aan die kant van die stroom.**

Baie keer sal die Here ons net so 'n bietjie terug vat in ons lewe, om vir ons die plek wat ons moet okkupeer, te wys. Soms sal Hy ons herinner aan die plek waaruit ons gekom het, sodat ons weer die waarde en die diepte van die evangelie kan besef. Die Here doen dit dikwels met my, maar nie om my te herinner aan sondes nie, maar Hy doen dit sodat ek weereens net die waarde, effektiwiteit en dankbaarheid teenoor die evangelie kan onthou, herdenk en bepeins. Hy doen dit sodat ek kan onthou dat ek deur genade gered is. Daar is niks waarop ek kan roem nie. Ek kon nog niks by myself regkry nie. Dit is nog altyd alles 'n gawe van God.

## SAAD WORD BOME

**Eseg. 47:7 Terwyl ek teruggaan, kyk, toe het ek aan die kant van die stroom 'n menigte bome gesien, aan altwee kante.**

Hier wil ek net 'n bietjie stilstaan met julle. Onthou, Christus Jesus is die Boom van die Lewe, maar Hy het saad. In vorige leringe het ek gesê dat die aarde niks rein kon voortbring nie.

- Die Vader het Sy saad, Sy Woord in Maria gegee, in die grondgebied, in die outydse verbond.
- Vandaar het Christus Jesus, die vrug van die verbond, voortgekom.

Christus Jesus het die Koninkryk van die Hemele hier op aarde kom vestig. Hy gee dit nou vir ons. Hy sê dat Hy die hoeksteen is, wat gebou is op die apostels en die profete (Efe 2:20). Ons moet nou aangaan en toelaat dat die Gees van Wysheid ons bou en ons maak soos wat ons veronderstel is om te wees.

Ons moet die derde tempel word, sodat ons die getuienis kan wees van Sy opstanding. Hy het in ons opgestaan. Hy lewe in ons. Die evangelie wat Hy kom vestig het op aarde, is in ons gegrondves. Ons is die grond waarin Hy die Vader se saad kom saai het. Ons moet nou verder daarmee voortgaan en doen soos wat Hy vir ons sê.

Onthou, daardie ***menigte bome*** was ook op 'n stadium saad gewees. Ek en jy is saad.

- Daar waarheen die Gees van God ons neem, bepaal in watter huis ons geplant moet word, waar ons gegrondves moet wees en waar ons moet opgroei.

Dit is waarom ek sê dat dit nie Skriftuurlik is, soos wat mense van een huis na 'n ander huis hardloop nie. 'n Boom ontwortel homself nie net en gaan verplant homself weer op 'n ander plek nie. Psalm 1 sê dat hy 'n standvastige boom is en dat hy die storms van die tye kan vat. Die tye en die storms kom, maar hy staan vas. Hy is vas geanker. Hy hardloop nie van hierdie bediening of organisasie na 'n ander organisasie nie. Hy weet waar die Gees van God hom geplant het. Hy staan vas daar en ***hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit*** **(Psalm 1:3).**

Onthou dat die bome, ***aan altwee kante,*** ook op 'n stadium sade was. Op die regte tyd, is die saad deur die water, die Gees van God, teen die kante vas gespoel. Die saad het daar ontkiem, standvastig geword en opgegroei. Nou is hy 'n boom.

## GESONDE WATERS

**Eseg. 47:8 En hy het vir my gesê: Hierdie waters vloei weg na die oostelike landstreek en loop in die Vlakte af en gaan na die see; in die see word dit uitgelei, sodat die waters daarvan gesond kan word.**

-o0o-

Hier is die see 'n tipe van die onreinheid en 'n tipe van die nood, want alles word in die see gepomp. As 'n mens weet hoe vuil die see regtig is, is dit hartseer om te sien wat die mens doen. Ons wat hier by die see woon kan sien hoe die vuilgoed, wat in die see gegooi word, uitspoel. Dit is skrikwekkend.

- Die waters van die see is nie gesond nie.
- Die waters van die stroom, wat uit die huis kom, is gesond.

## Dubbel Porsies

**Eseg. 47:9 En al die lewende wesens wat wemel, oral waar die dubbele stroom kom, sal lewe; en daar sal 'n menigte visse wees, omdat hierdie waters daarheen gekom het; en dié waters sal gesond word, en alles sal lewe waar die stroom kom.**

Die ***dubbele stroom*** is die dubbel porsie. In die Salwingskursus verduidelik ek die dubbel porsie wanneer die Seuns van God (Man Child) gebore moet word. Ons sal funksioneer met die bonatuurlike krag van God se Gees, soos wat dit in Romeine 8 en ook in Openbaring verduidelik word. Dit is waar die Seuns van God (Man Child) (**Lesing: Seuns van God**) deur die Bruid voort gebring sal word. Hy sal die groter werke doen en die skepping vrymaak.

- Daardie Seuns van God (Man Child) sal nou in die laaste dae met die dubbel funksioneer.

Dit is Elisa wat rondloop met dit wat hy gekry het uit Elia. *In die Salwingskursus behandel ek dit alles. Dit is baie diep en baie van julle sal dit nie nou verstaan nie. Dit is waarom ek mense aanmoedig om die kursus by te woon, sodat julle hierdie diepe waarde kan kry.*

❖ Ons kan nie vra vir die dubbel porsie nie. Jy verdien 'n dubbel porsie. Jy kry dit nie net sommer nie.

Daar is baie mense wat vir die Here vra vir 'n dubbel porsie. Nee, dit is Godslasterlik. Dit is nie hoe dit werk nie! Daar is baie diepte rondom dit en ek sal nie sommer net enige tyd of enige plek daaroor praat nie. Op die regte plek en tyd, wanneer mense presies sal verstaan wat die Here daarby bedoel, sal ek daaroor praat.

### Liggaam van Christus

Die ***menigte visse*** is die 153 visse van Petrus wat uitgetrek moet word by die net (Joh 21:11). Daardie nette is die liggaam van Christus Jesus, wat verbind (gekonnekteer) is met mekaar in die Gees. Die knope is die konneksies wat ons het. Die 153 visse is die lande wat in die laaste dae moet inkom.

Hy sê dat ***hierdie waters daarheen gekom het.*** Dit gaan nie oor my en jou nie. Hy sê nie dat hy soontoe gegaan het nie. Hy sê nie dat die water die saad soontoe gespoel het nie. Ons is nie 'n element iewers in die betrokkenheid van God se plan hier op aarde nie. As die mense dit net wil begin verstaan, sal dit soveel makliker wees.

Die siek waters ***sal gesond word*** deur die waters wat lewe.

- Lewe skep lewe.
- Waar lewe is, kan geen dood heers nie.

Die gesonde waters sal vir die dooie waters lewe gee en ***alles sal lewe waar die stroom kom***. Kan julle sien hoe belangrik dit is? Kan julle die proses sien wat ons moet volg? God se hele evangelie?

### Eenwording

Dit gaan nie net oor my en jou nie, dit gaan ook oor die mense wat God in my hande geplaas het. Dit wat Hy sê dat die waters ***sal gesond word*** en dat ***alles sal lewe waar die stroom kom***, is baie belangrik mense.

-o0o-

- Dit is die stroom van lewende water wat uit my binneste borrel en wat uit my vloei. Dit is die stroom van lewende water wat my vat.
- Dit is waarom dit Christus in my, die Woord in my, ek in die Woord is.

Ons kan nie van mekaar geskei word nie. Dit is daardie eenwording, die beken. Die vrou in die man se arms en die man se lewe in die vrou. Dit is daardie één word.

**Oop Kanale**

Kyk baie mooi wat is die resultaat van hierdie waters wat vloei.

**Eseg. 47:10 Ook sal vissers daaraan staan, van Éngedi af tot by en Eglaim: 'n droogmaakplek vir die nette sal dit wees; na hulle soorte sal daar visse in wees soos die visse van die Groot See, 'n menigte.**
**Eseg. 47:11 Die moerasse en kuile daarvan—húlle sal nie gesond word nie: vir sout is hulle bestem.**

Ons is ***moerasse en kuile*** as ons blokkasies geword het vir die Gees en dit wat die Here in ons hande geplaas het. As ons dit, wat die Here vir ons gegee het, nog steeds beskou as ons eie, sê die Bybel dat ons ***moerasse en kuile*** is. Dit is nie veronderstel om so te werk nie.

- Daar is veronderstel om altyd 'n kanaal te wees wat deur ons loop.

**Tiende**

Ek het nou weer in hierdie tyd van welsyn besef dat God soms iets in 'n mens se hande plaas wat nie vir ons bedoel is nie, maar vir iemand anders. Dit is my mening dat mense wat nog 'n probleem het met die gee van tiende, eintlik nog nie eers wedergebore is nie. Hulle moet teruggaan na wedergeboorte toe.

Geld is nog so 'n groot faktor in sommige mense se lewe en hulle vertrou die Here so min, dat hulle nie eers raaksien dat Hy hulle nog hul hele lewe lank gesorg het nie. As hulle nog steeds vrae vra en sê dat hulle baas hul salarisse betaal, dan weet hulle nie dat dit eintlik van die Here af kom nie. Die Woord van God sê vir ons dat alle goeie gawes van die Here af kom (Mat 7:11). As die mense dit nie kan raaksien nie, is hulle blind en het hulle nie die Here in hul lewens nie. Ons kan nie toelaat dat hierdie goed groter word as die evangelie nie, want dan, sê die Bybel, is ons ***moerasse en kuile***.

**Stagneer**

Hy sê ***húlle sal nie gesond word nie: vir sout is hulle bestem***. Dit is die stagneer plek. Daar is nie 'n plek waar hulle nette kan skoonmaak nie.

- Hulle kan nie deel wees van hierdie evangelie, wat gevestig is op hierdie aarde, om visse in te bring en om mense na die ewigheid te neem nie;
- Hulle sal nie deel wees daarvan nie, want hulle het alles vir hulleself geëien (aanspraak gemaak). Dit is die "ek in my klein hoekie" situasie (storie).

-o0o-

**Verskeie Skrif aanhalings in hierdie lesing**

**Gal 2:20** Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.

**2 Kor. 10:17** Maar wie roem, moet in die Here roem.

**Efe 2:8** Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;
Efe 2:9 nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.

**Efe 2:19** So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God,
Efe 2:20 gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is,
Efe 2:21 in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here,
Efe 2:22 in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees.

**Joh 21:11** Simon Petrus het in die skuit geklim en die net op die land getrek, vol groot visse, honderd drie en vyftig in getal; en alhoewel daar so baie was, het die net nie geskeur nie.

**Mat 7:11** As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!

-o0o-